

16 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 4 (OAV)

Wonders van die profeet Elisa

Die inhoud van hierdie hoofstuk is verwant aan 2 Kon 2:19-22 waar Elisa die water gesond en vrugbaar maak. Al die wonders wat in 2 Kon 4 beskryf word, is wonders wat te doen het met hulpverlening in huislike en maatskaplike probleme.

Fokusgedeelte: Vers: 2,3,4

Die weduwee van die jong profeet is in finansiële nood. Sy vrees dat die skuldeiser haar twee seuns as slawe sal neem. Gelowig voer sy al Elisa se bevel uit. Dan gebeur die wonder. Uit die fles met die bietjie olie gooi sy 'n klomp vate vol, sodat sy nie slegs haar skuldeiser kon betaal nie, maar ook genoeg oorhou om van te lewe.

Fokusgedeelte: Vers: 14-17 en Vers: 33-35

'n Welgestelde egpaar is kinderloos. Deur middel van die profeet ontvang hulle 'n jaar later 'n seun. Toe die seun al opgekote was, word hy siek en sterf. Die moeder neem haar toevlug tot Elisa. Nadat Elisa tot die Here gebid het en hom 'n paar keer oor die seun uitgestrek het, kom die lewe terug – 'n wonder van God.

Fokusgedeelte: Vers: 40, 41

Die dood is in die pot in die vorm van giftige karkoere. Elisa gooi meel by en so word die kooksel ontgif en eetbaar gemaak.

Fokusgedeelte: Vers: 42, 43

Twintig garsbrode word aan honderd mense bedien. Hulle het geëet en nog oorgehou volgens die woord van die Here.

Al hierdie wonders het plaasgevind deur die krag van die Here. Hy is nog steeds dieselfde God wat ook vandag wonders kan verrig. Vlug met jou nood in ware geloof na Hom.

Sing: Psalm 20:1,4

Ds PA Smit (Emeritus)